

Onrus en geweld: 2013 (2)

1 Algemeen

In die loop van Augustus 2013 het die Departement van Basiese Onderwys en die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPS) 'n ooreenkoms gesluit wat geweld in skole moet voorkom.¹ Die oorspronklike ooreenkoms is reeds in April 2011 onderteken, maar in Augustus 2013 is dit weer om simboliese redes onderteken. Die oorhoofse oogmerk van die ooreenkoms is om veiligheid in en by skole landwyd te bevorder. Hoe veiliger die skole, hoe meer positief is die omgewing vir leer en onderrig om in plaas te vind. Die ooreenkoms betrek alle leerders, ouers, polisielede en onderwysers om saam te werk om 'n veilige omgewing vir skoolgaande kinders te skep.

Volgens mediaberigte wil dit voorkom asof kinderprostitusie toeneem.² Hoewel die Grondwet vir basiese regte van kinders voorsiening maak, is dit steeds 'n uitdaging om in die praktyk gestalte daaraan te gee. Dit wil voorkom asof veral armoede 'n groot impak op geweld, misdaad, prostitusie en bendes het. Bende-geweld, veral in die Wes-Kaap, stel ook steeds groot uitdagings aan owerhede en ander betrokkenes. Slegs 'n oorhoofse, geïntegreerde poging kan bendes en die geweld en misdaad wat gewoonlik daarmee gepaardgaan, suksesvol hanteer.³ Bendes, dwelmhandel en die gebruik van dwelms gaan dikwels hand-aan-hand. In hierdie opsig het die Minister van Polisie beklemtoon dat daar in 2013 tot op hede 81 smokkelhuise in die Wes-Kaap gesluit is. Dit is veral in minder gegoede buurte waar bendes en dwelmhandel hoogty vier. Die gevaar vir kinders wat in die gebiede woon, is besonder groot – ook in skole, plekke wat veronderstel is om veilig te wees.

Volgens die SAPS se misdaadstatistieke van 2003/2004 tot 2012/2013,⁴ was daar aanvanklik 'n afname in al die kontak misdade tot 2011/2012 maar in sommige gevalle toon die statistiek 'n toename in die verslagjaar 2012/2013.

¹Sien ook SAnews 'Basic education, police partner to ensure school safety' (http://www.saps.gov.za/statistics/reports/crimestats/2013/crime_stats.htm) <http://www.sanews.gov.zasouth-africa/basic-education-police-partner-ensure-school-safety> (2013-08-07).

²SAnews 'Govt concerned over child prostitution reports' <http://www.sanews.gov.za/south-africa/govt-concerned-over-child-prostitution-reports> (2013-07-30).

³Van Wyk 'Parents have vital role in fight against gangs – Mthethwa' <http://www.sanews.gov.za/south-africa/parents-have-vital-role-to-play-in-fight-against-gangs> (2013-08-28).

⁴http://www.saps.gov.za/statistics/reports/crimestats/2013/crime_stats.htm.

Moord het van 19 824 tot 15 609 gedurende 2011/2012 gedaal, maar het weer tot 16 259 gedurende 2012/2013 toegeneem. Seksuele misdrywe het van 66 079 tot 64 514 afgeneem en weer tot 66 387 gedurende 2012/2013 gestyg. Poging tot moord het van 30 076 tot 14 859 gedurende 2011/2012 gedaal, maar het weer tot 16 363 gedurende 2012/2013 gestyg. Aanranding met die doel om ernstig te beseer het van 260 082 tot 19 2651 gedurende 2011/2012 gedaal en weer tot 185 893 gedurende 2012/2013 gestyg. Gewone aanranding het van 280 942 tot 181 670 gedaal en toe weer tot 172 909 gedaal. Roof het van 95 551 tot 52 980 gedurende 2011/2012 gedaal, maar het weer tot 53 540 gedurende 2012/2013 gestyg. Roof met verswarende omstandighede het aanvanklik van 133 658 tot 101 203 gedaal, net om weer tot 105 888 te styg gedurende die 2012/2013 verslagjaar. Kontak-verwante misdrywe het afgeneem – brandstigting van 8 806 tot 6 418 gedurende 2011/2012 en tot 6 064 gedurende 2012/2013. Opsetlike saakbeskadiging het van 158 247 tot 122 221 gedurende 2011/2012 afgeneem, en het verder tot 121 113 gedurende 2012/2013 afgeneem. Inbrake by nie-residensiële persele was die enigste eiendomsverwante misdryf wat vanaf 2003 tot 2012 toegeneem het (van 64 629 tot 70 041 gedurende 2011/2012 en weer tot 73 630 gedurende 2012/2013). Die ander eiendomsverwante misdrywe het aanvanklik gedurende 2011/2012 afgeneem, maar weer gedurende 2012/2013 toegeneem. Inbrake by residensiële persele het gedurende 2011/2012 van 299 290 tot 245 531 toegeneem en weer tot 262 113 gedurende 2012/2013. Diefstal van motorvoertuie en motorfietse het van 88 144 tot 59 097 toegeneem en het weer tot 58 370 afgeneem. Diefstal uit of van 'n motorvoertuig het van 171 982 tot 130 475 afgeneem en het weer tot 139 658 toegeneem. Veediefstal het van 41 273 tot 30 949 gedurende 2011/2012 gedaal en het verder tot 29 894 gedurende 2012/2013 afgeneem. Van die misdrywe wat afhanklik is van polisie-optrede gerig op waaksaamheid het heelwat toegeneem – dwelmverwante misdrywe het van 62 689 tot 176 307 gedurende 2011/2012 toegeneem en tot 206 825 gedurende 2012/2013. Bestuur onder die invloed van alkohol of dwelms het van 24 886 tot 69 441 toegeneem en weer tot 71 065. Die onwettige besit van vuurwapens en ammunisie het aanvanklik van 16 839 tot 14 461 afgeneem en maar weer tot 14 872 toegeneem. Daar was 'n afname in diefstal wat nie elders genoem is nie – van 606 460 tot 377 432 gedurende 2011/2012, en tot 362 816 gedurende 2012/2013. Motorkapings het van 13 793 tot 9 475 gedurende 2011/2012 afgeneem, en tot 9 990 gedurende 2012/2013 gestyg. Vragmotorkapings het van 901 tot 821 gedurende 2011/2012 afgeneem en tot 943 gedurende 2012/2013 gestyg. Roof by residensiële persele het kwaai toegeneem van 9 351 tot 16 766 gedurende 2011/12 en tot 17 950 gedurende 2012/13. By nie-residensiële eiendomme het dit van 3 677 tot 15 951 gedurende 2011/12 toegeneem en tot 16 377 gedurende 2012/13. Daar was 'n toename in openbare geweld van 979 tot 1 152, maar dan was daar weer 'n afname tot 1 226 gedurende 2010/11. Strafbare manslag het ietwat toegeneem vanaf 11 096 tot 11 788 gedurende 2011/2012. Die verwaarlosing en mishandeling van kinders het van 6 504 tot 2 949 gedurende 2011/2012 afgeneem. Ontvoering het van 3 004 tot 3 874 gedurende 2011/2012 toegeneem. Die aantal skuldigbevindings vir

ernstige misdade het van 307 580 gedurende 2011/2012 tot 352 513 gedurende die 2012/2013 verslagperiode toegeneem. Onrusverwante voorvalle het aansienlik toegeneem vanaf 1 014 gedurende 2009/2010 tot 1 882 gedurende 2012/2013.⁵

Statistiek SA het in 2012 'n verslag oor bevindings van 'n ondersoek oor slagoffers van misdaad bekendgestel.⁶ Hiervolgens het 37% van huishoudings geglo dat geweld- en nie-geweldsmisdade in hul woonarea afgeneem het tydens die 2009 tot 2011 periode, terwyl 35% van mening was dat misdaad toegeneem het. Minder as 30% het geglo dat misdaadvlakke konstant gebly het. 59.3% van huishoudings was van mening dat huisbraak een van die algemeenste misdadertipes is, gevolg deur roof, straatroof en sakkerollery. Huisbraak was die mees gevreesde misdaad (57.4%) gevolg deur huisroof (49.8%), straatroof (39.6%) en moord (38.8%). 62% van huishoudings was van mening dat eiendomsverwante en geweldsmisdade waarskynlik deur persone in hul area gepleeg word, 32% deur persone uit ander areas, en 6% deur nie-Suid-Afrikaners. Slegs 4,6% van die persone in die studie dra 'n wapen om hulself en hul eiendom te beskerm, terwyl omtrent 50% fisiese maatreëls geneem het om hul huise te beskerm. 66.8% van huishoudings was van mening dat die regering geld moet bestee op sosiale en/of ekonomiese ontwikkeling om misdaadsyfers af te bring. 60% van huishoudings was gelukkig met die manier waarop die SAPD en howe hul werk doen, en 65.7% was van mening dat die SAPD vertrou kan word.⁷

Die President het op 26 Augustus 2012 'n Kommissie van Ondersoek onder leiding van Regter Farlam aangestel om die aangeleenthede van publieke, nasionale en internasionale belang voortvloeiend uit die insidente by Marikana myn tussen 11 en 16 Augustus 2012 te ondersoek. Die insidente het daartoe gelei dat 44 persone gesterf het; 70 persone beseer is; en ongeveer 250 persone gearrester is.⁸ Die gedrag van Lonmin PLC, die SAPD, AMCU (*Association of Mineworkers and Construction Union*), en NUM (*National Union of Mineworkers*), asook die rol van die Departement van Minerale hulpbronne en die gedrag van individue en los groeperinge moet deur die Kommissie ondersoek word. Die Kommissie was veronderstel om binne vier maande die ondersoek af te handel, maar die periode is later tot 31 Oktober 2013 verleng.⁹ Die President het verklaar dat die bepalinge van die Kommissiewet 8 van 1947 op die Kommissie van toepassing gemaak is. Regulasies in hierdie verband is ook uitgevaardig.¹⁰

⁵Sien ook SAPS 'Crime statistics overview 2012/2013' http://www.saps.gov.za/statistics/reports/crimestats/2013/crime_stats.htm.

⁶Victims of Crime Survey, 2012 <http://www.statssa.gov.za/publications/P0341/P03412012.pdf> (hierna Stats SA Ondersoek).

⁷Statistiek SA Ondersoek 2-4.

⁸Proklamasie 50 in SK 35680 van 2012-09-12, gelees met Prokl 62 in SK 35750 van 2012-10-04, soos gewysig deur Prokl 4 in SK 36154 van 2013-02-12.

⁹Proklamasie 15 in SK 36526 van 2013-05-31.

¹⁰Proklamasie 59 in SK 35730 van 2012-09-28, gelees met Prokl 66 in SK 35875 van 2012-11-14.

In hierdie aantekening word maatreëls en hofsake ten aansien veiligheidsdienste, wapens en terrorisme bespreek.¹¹

2 Veiligheidsdienste

2.1 Polisie diens

Persone wat in diens van die SAPD is, spesifiek hul integriteit en geskiktheid om in die SAPD te dien, is weereens in die verslagtydperk ernstig bevraagteken. Berigte dui aan dat groot aantal polisielede self ook kriminele rekords het.¹² Die Minister van Polisie het bekend gemaak dat 'n 2011-2013-audit bevind het dat 1 448 SAPD-lede oor kriminele rekords beskik – gesamentlik is hulle aan 3 204 misdade skuldig bevind. Die polisielede sluit onder meer 21 kolonels, 10 brigadiers en 'n generaal-majoor in. Die SAP bestaan tans uit ongeveer 157 000 lede. Die groot aantal persone wat self ook kriminele gedrag vertoon het, bring die SAPD se geloofwaardigheid in gedrang en plaas geweldige druk op die Minister, die hoof van Polisie en senior persone om die SAPD effektief te bestuur. Die oortreders op die lys en hul oortredings word ondersoek en 'n verslag behoort einde Oktober 2013 vrygestel te word. Lede van die opposisie eis dat alle persone wie se name op die lys verskyn, onmiddellik afgedank moet word.¹³

Aanvalle op, en in bepaalde gevalle moord van, polisielede is ook weer tydens die verslagtydperk aangemeld.¹⁴ Dit wil veral voorkom of dit 'n groter probleem in die Wes-Kaap is. Daar is byvoorbeeld gedurende die tydperk 2012-2013 77 aanvalle op polisielede in Gauteng aangemeld, in vergelyking met die 303 aanvalle in die Wes-Kaap. Op 'n nasionale skaal is daar nog nooit minder as 80 moorde per jaar gerapporteer nie.¹⁵ Hoewel daar reeds in 2010 'n 'tien-punt-plan' ontwikkel is om moorde op polisielede te verhoed en te verminder, bly dit steeds 'n uitdaging en 'n prioriteit.

Die SAPD se hoofdoelstellings vir die 2013/2014 boekjaar sluit gemeenskapsgeoriënteerde polisiëring, asook verbeterde toeganklikheid en toerekenbaarheid in.¹⁶ Die hersiening van die Witskrif op Veiligheid en Sekuriteit (1998) is in sy finale fase, en is in twee beleidsdokumente verdeel, naamlik een op Polisie en een op Veiligheid en Sekuriteit. Die Publieke Orde Polisiëringsbeleid is ontwikkel, en die implementering daarvan het begin.¹⁷ Die hersiening van die wetgewende raamwerk

¹¹In hierdie joernaal word die belangrikste beleid, wetgewing, verslae en hofbeslissings vir die periode 2013-04-30 tot 2013-09-15 bespreek.

¹²Sien Anon '1,500 South African police have criminal records' <http://www.rappler.com/world/35027-1500-south-africa-police-have-criminal-records> (2013-07-29).

¹³Sien ook Styan '54 in polisie skuldig aan moord; 37 is verkragters' *Beeld* (2013-08-19) 4.

¹⁴SAPA 'Criticism of police may be fuelling police murders – Phiyega' <http://www.sanews.gov.za/south-africa/criticism-police-may-be-fuelling-police-murders> (2013-08-05).

¹⁵Sien ook Anon 'End police killings, urges Mthethwa' <http://www.sanews.gov.za/south-africa/end-police-killings-urges-mthethwa> (2013-08-30).

¹⁶http://www.saps.gov.za/saps_profile/strategic_framework/strategic_plan/2013_2014/annual_p erf_plan_2013_2014.pdf (hierna SAPD Prestasieplan i).

¹⁷*Id* i 4.

vir die private sekuriteitsindustrie het ook begin, en poog om te verseker dat die industrie behoorlik gereguleer en bestuur word. Die Tweedehandse Goederewet 6 van 2009 is geïmplementeer en maak voorsiening vir die vervolging van 'n persoon wat gesteelde goedere aankoop. Vir die 2013/2014 boekjaar is daar 'n spesifieke fokus op die verbetering van die kwaliteit van dienste wat by plaaslike polisiestasies gebied word, geplaas, asook op die ontwikkeling van implementering, monitering en evaluasiemeganismes om die vuurwapens van die SAPD te bestuur.¹⁸ Die SAPD gaan poog om interne en eksterne maatreëls te implementeer om met korrupsie, bedrog en kriminaliteit te handel.¹⁹ Daar gaan ook volgehoue pogings ingestel word om onwettige vuurwapens, dwelm- en middelmisbruik aan te spreek. Die vlak van openbare geweld het vanaf 2009 toegeneem (gewelddadige protesoptogte het met 289% vanaf 2008 tot 2011 toegeneem). Die Openbare Orde Polisiëringsbeleid en Gevaarlike Wapenswetsontwerp gaan in hierdie verband 'n beduidende rol speel.²⁰ Daar word ook in die 2013/2014 boekjaar gefokus op die vermindering van ernstige misdrywe en op die bestryding van geslagsgebaseerde geweld – onder andere deur die herinstelling van Seksuele Oortredingshowe en die implementering van die Beskerming teen Teisteringwet en die Bestryding van Handel in Personewetsontwerp.²¹ 'n Uitgebreide assessering van die bedreiging wat kubermisdaad inhou, sal gedoen word.²² Die bestedingsfokus oor die mediumtermyn gaan wees om die kapasiteit van die SAPD te onderhou in terme van personeelsyfers, fisiese hulpbronne, kapitaalinfrastruktuur, vaardigheidsontwikkeling en tegnologiese versterkings – spesifiek ten opsigte van inligting en telekommunikasie-omgewings. Besteding ten opsigte van speurdienste- en misdaadintelligensieprogramme en konsultasiedienste gaan ook verhoog.²³

Een van die hoof fokuspunte van Die Onafhanklike Polisie Onderzoekdirektoraat (OPOD) se Jaarlikse Prestasieplan 2013/14²⁴ is die bevegting van sistemiese korrupsie.²⁵ Die OPOD was tydens die samestelling van die verslag besig met organisatoriese hersiening met die doel om vier, in plaas van drie, funksionele programme te hê.²⁶ Oor die mediumtermyn bestedingsraamwerkperiode sou die bestedingsfokus op die verhoging van die kapasiteit van die Direktoraat in lyn met sy nuwe mandaat wees.²⁷ Die Direktoraat se eerste program: 'Beheer- en Belangegroepbestuur', bied uitvoerende ondersteuning, korporatiewe

¹⁸ *Id* i-ii.

¹⁹ *Id* ii.

²⁰ *Id* 1.

²¹ *Ibid*.

²² *Id* 2.

²³ *Id* 8.

²⁴ http://www.ipid.gov.za/documents/annual_performance_plan/AAP%202013-14.pdf (hierna Jaarlikse Prestasieverlag).

²⁵ *Id* i.

²⁶ *Id* 3.

²⁷ *Id* 7.

bestuur, interne oudit, finansiële bestuur en sekuriteitsbestuursdienste aan.²⁸ Fokusgebiede vir die program sluit gereelde kontak met, en verslae aan, hoofbelangegroepes, insluitende die SAPD, munisipale polisie-dienste, Burgerlike Sekretariaat vir die Polisie-dienste en ander relevante regerings- en burgerlike-samelewingsorganisasies in. Die opstel van beleidsdokumente en riglyne, en die daarstelling van 'n prestasie-meting en verslagdoeningstelsel wat bestuursbesluitneming ondersteun en die OPOD in staat stel om aan interne en eksterne toerekenbaarheidsverslagdoenings-vereistes te voldoen, is ook by die fokusgebiede ingesluit.²⁹ Beplande prestasies sluit publieke bewusmakingsveldtogte in. Dit sluit ook in om te verseker dat die OPOD voldoende bekwaam is en effektiewe vaardigheidsontwikkelingsplanne en 'n funksionele retensiestrategie het om sy mandaat uit te voer. Die effektiewe gebruik van tegnologie om sy besigheidprosesse te ondersteun en sodoende dienslewering te verbeter, asook die herinstelling van organisatoriese funksies en strukture om die strategiese dwingende opdragte te behaal, vorm deel van die fokusgebiede.³⁰ Program 3, Onderzoek- en Inligtingsbestuur, het drie komponente, naamlik ondersoekbestuur, inligtingsbestuur en provinsiale koördinasie.³¹ Doelstellings sluit in:

- die opstel van 'n sisteem vir die registrasie, toekenning, nagaan, bestuur en verslagdoening van ondersoeke;
- die generering van betroubare statistiese inligting en die voorsiening van algemene besigheidsintelligensie;
- 'n verbetering ten opsigte van die aantal afgehandelde ondersoeke in lyn met wetgewing en riglyne;
- 'n toename in aanbevelingsverslae aan die SAPD en munisipale polisie-dienste ten opsigte van moontlike dissiplinêre stappe;
- aanbevelingsverslae aan die Nasionale Vervolgingsgesag oor moontlike kriminele vervolgings; en
- 'n toename in terugvoerbriefe aan klaers, slagoffers en verwysingsowerhede oor die uitslae van ondersoeke.³²

Die OPOD se vierde program is Regsdienste, wat twee komponente het, naamlik regs- en litigasie-adviesdienste en ondersoekadviesdienste.³³ Die Program gaan poog om die OPOD se regsverpligtinge te bestuur, asook siviele en arbeidslitigasie aangeleenthede en die verlening van polisie-dienste aan ondersoekers. Die program bied ook regsadvies aan ondersoekers.³⁴

Die OPOD se Strategiese Plan 2013-2018 maak voorsiening vir die opstel van nog satellietkantore wat die OPOD meer toeganklik sal maak, en sal verseker

²⁸ *Id* 9.

²⁹ *Id* 10.

³⁰ *Id* 14.

³¹ *Id* 18.

³² *Id* 18-19.

³³ *Id* 24.

³⁴ *Ibid*.

dat die OPOD vinnig op misdaadtonele kan aankom.³⁵ Die uiteindelijke beplande uitkoms is 'n polisie diens wat vertrou word deur die gemeenskap en wat optree in lyn met die Grondwet. Intermediêre uitkomst sluit in dat die OPOD 'n sterk, onafhanklike oorsigliggaam word, en dat die polisie diens gehoor gee aan die OPOD se aanbevelings. Onmiddellike uitkomst (2013-2018) sluit in dat die OPOD toeganklik vir die publiek is, dat die prestasiebestuursisteem optimaal funksioneer, die herorganisasie van funksies, en dat die OPOD sake doeltreffend prosesseer.³⁶

Die OPOD het homself verbind aan die regering se uitkoms 3 – alle mense in Suid-Afrika is en voel veilig – en uitkoms 12 – 'n doeltreffende, effektiewe en ontwikkelingsgeoriënteerde staatsdiens en 'n bemagtigde, regverdige en inklusiewe burgerskap. Die Nasionale Ontwikkelingsplan beoog dat alle mense wat in Suid-Afrika woon teen 2030 veilig by die huis, skool en werk voel en 'n gemeenskapslewe sonder vrees geniet.³⁷ Volgens die Strategiese Plan moet menslike hulpbronne vermeerder en vaardighede – veral ten opsigte van ondersoekers – ontwikkel word.³⁸

Die OPOD het agt strategiese risiko's geïdentifiseer wat die realisering van sy strategiese uitkomst mag beïnvloed, naamlik

- onvoldoende befondsing;
- die gebrek aan eenvormigheid in die toepassing van ondersoekprosedures (wat mag aanleiding gee tot nie-nakoming van standaard-bedryfsprosedures);
- data integriteit;
- gebrek aan verbintnisse met belangegroepe, senior bestuurslede en sleutelpersoneel wat nie gekeur is nie;
- verlies van sleutelpersoneel;
- beperkte betrokkenheid van bestuur in begrotingsprosesse en finansiële bestuur; en
- die nie-nakoming met inligtingstegnologiebestuur.

Die OPOD het egter strategieë geïdentifiseer om hierdie risiko's aan te spreek.³⁹

Volgens die Burgerlike Sekretariaat vir Polisie se Jaarverslag 2011/12 het die Sekretariaat sy begroting met 24% onderspandeer.⁴⁰ Die hoofrede wat aangevoer is, is die verwante personeelkoste en die laat finalisering van die nuwe

³⁵ http://www.ipid.gov.za/documents/strategic_documents/2013-2018/IPID%20Strategic%20Plan%202013%20-%202018.pdf (hierna Strategiese Plan 6).

³⁶ *Id* 8, 9.

³⁷ *Id* 9.

³⁸ *Id* 19.

³⁹ *Id* 20.

⁴⁰ http://www.policesecretariat.gov.za/downloads/reports/annual_report_2011-2012.pdf (hierna Jaarverslag 7).

organisatoriese struktuur.⁴¹ Die burgerlike oorsigmandaat van die Sekretariaat is bereik deur polisiestatiebesoeke te vermeerder van 100 tot 155. Verbintnisse is geskep met 'n verskeidenheid belangegroepes en gemeenskappe om vennootskappe te versterk in die stryd teen misdaad. Provinsies het begin om gemeenskapsveiligheidsfora op provinsiale vlak te implementeer.⁴² Meer as 500 klagtes is deur die Sekretariaat aangespreek aangesien 'n effektiewe klagtebestuursstelsel nog nie deur die SAPD opgerig was nie.⁴³ 'n Nakomingsforum sou gestig word om te verseker dat die SAPD die Sekretariaat se voorstelle aanspreek.⁴⁴ Die gemeenskapsvennootskapsproses het in die 2011/12 jaar sy aktiwiteite begin operasionaaliseer met die finalisering van die riglyne vir gemeenskapspolisiëringsfora en die goedkeuring van die beleid op gemeenskapsveiligheidsfora.⁴⁵ Gestruktureerde verwysingsgroepe is saamgestel, veral ten opsigte van beleid en navorsingsontwikkeling en die implementering deur die SAPD van Seksuele Oortredings-, Kinderegeregtheid en Huishoudelike Geweldwetgewing.⁴⁶

Die beleid- en wetgewingprogram het die volgende projekte onderneem:

- die hersiene Witskrif op Veiligheid en Sekuriteit;
- die beleid op die daarstelling van gemeenskapveiligheidsfora;
- die beleid op polisiestatiegrense;
- die beleid op die daarstelling en funksionering van die Suid-Afrikaanse reservistepolisie;
- die hersiening van die openbare ordebeleid;
- die nasionale DNA databasisbeleid;
- beleid en navorsing gekoppel aan die operasies van die Direkoraat: Prioriteitsmisdaadondersoekes.⁴⁷

Die Konsep Gevaarlike Wapens Wetsontwerp is in Desember 2011 gepubliseer vir openbare kommentaar, en herskryf na aanleiding van die kommentaar wat ontvang is.

Die eerste konsep van die Suid-Afrikaanse Polisie (Direkoraat: Prioriteitsmisdaadondersoekes) Wysigingswetsontwerp is op 7 Maart 2012 na aanleiding van die Konstitusionele Hofuitspraak in die *Glenister*-saak gefinaliseer.

Die hersiene Vuurwapenbeheer Wysigingswetsontwerp is aan belangegroepes in Februarie 2012 voorgelê, maar sou eers in 2012/13 ter tafel gelê word aangesien die Suid-Afrikaanse Polisie (Direkoraat: Prioriteitsmisdaadondersoekes) Wysigingswetsontwerp voorrang geniet het.

Regulasies vir die Vuurwapenbeheerwysigingswet is in samewerking met die SAPD saamgestel.

⁴¹ *Id* 7-8.

⁴² *Id* 9.

⁴³ *Id* 10.

⁴⁴ *Ibid.*

⁴⁵ *Ibid.*

⁴⁶ *Ibid.*

⁴⁷ *Id* 18-19.

Konsepregulasies vir die Sekretariaat is ook opgestel.

In samewerking met die SAPD is 'n implementeringsplan en regulasies vir die Tweedehandse Goederewet opgestel.⁴⁸

Die moniterings- en evaluasieprogram het vordering gemaak met die ontwerp en ontwikkeling van 'n resultaat gebaseerde monitering- en evalueringstelsel om oorsiginformasie oor die SAPD te verskaf. Ander projekte het die vuurwapenaan-soekagterstandprojek en die dissipline bestuursprojek ingesluit.⁴⁹ Die Vennootskapsprogram het gesorg vir die daarstelling van 'n werksverhouding met vakbonde in die landbousektor. Werkwinkels met burgerorganisasies is gehou. Daar was 'n fokus op die ontwikkeling van 'n nasionale strategie om misdaad wat die klein-besigheidsektor affekteer, aan te spreek. 'n Memorandum van Verstandhouding is gesluit met Besigheid Teen Misdaad Suid-Afrika.⁵⁰

Die Burgerlike Sekretariaat vir Polisie se Jaarlikse Prestasieplan 2013/14 toon aan dat die Witskrif op Polisiëring en die Witskrif op Veiligheid en Sekuriteit die beleidsprioriteite vir die boekjaar gaan wees, en die hersiening van die Polisiewet die wetgewingsprioriteit.⁵¹ Die Sekretariaat het nog nie 'n afsonderlike begrotingsrede gehad nie, en was 'n kostepunt van die SAPD.⁵²

Program 2, Vennootskappe, poog om vennootskappe ten opsigte van veiligheid en misdaadvoorkoming tussen die regering en die burgerlike samelewing, asook tussen regering en gemeenskapsamewerking en openbare-privaat-vennootskappe te skep.⁵³

Program 3, Beleid en Navorsing, het ten doel om polisiëringsbeleid op te stel, om navorsing te doen ten opsigte van polisiëring en misdaad, asook om hulpbronne en inligtingondersteuning aan die Sekretariaat en relevante belangegroepe te bied.⁵⁴

Program 4 het met wetgewing te make.

Program 5, Monitering en Evaluering, het vier sub-programme, naamlik polisieprestasie, polisiegedrag, nakoming en evaluasies.⁵⁵

Die Minister van Polisie het in die SA Polisie diens (SAPD) se Jaarlikse Prestasieplan 2013/2014⁵⁶ aangedui dat die Openbare Orde Polisiebeleid (OOP) in werking gestel is en dat daar 'n ondersoek geloods is na die wetgewende raamwerk vir die privaat sekuriteitsdienste wat deur ongeveer 10 000 aktiewe

⁴⁸ *Id* 20.

⁴⁹ *Id* 22.

⁵⁰ *Id* 25, 28.

⁵¹ http://www.policeseecretariat.gov.za/downloads/annual_pfm/FinalAPP2012.pdf (hierna Jaarlikse Prestasieplan 7).

⁵² *Id* 10.

⁵³ *Id* 30-37.

⁵⁴ *Id* 39-46.

⁵⁵ *Id* 54-61.

⁵⁶ http://www.saps.gov.za/saps_profile/strategic_framework/strategic_plan/strategic_plans.htm (2013-09-24).

maatskappye en meer as 400 000 werknemers bedryf word, en waar daar reeds 1,9 miljoen veiligheidsbeamptes op die sentrale databasis geregistreer is. Die volgende prioriteitsgebiede is geïdentifiseer:

- Die bekamping van die huidige hoë vlakke van openbare geweld (by munisipaliteite 'n toename van 27 in 2008 tot 1 194 in die finansiële jaar 2011/12);
- die vermindering van ernstige misdaad;
- die bekamping van geslagsgebaseerde geweld;
- die verbetering van speurdienste;
- onwettige dwelmgebruik en alkoholmisbruik;
- kubermisdaad; en
- volhoubare gemeenskapsveiligheid.

In hierdie verband word 5 programme (elk met sy eie strategiese doelwit, jaarlikse teiken en prestasie-indikatore) befonds:

- 1 Administrasie;
- 2 Sigbare polisiëring;
- 3 Speurdienste;
- 4 Misdaadintelligensie; en
- 5 Beskermings- en veiligheidsdienste.

Die bestaande Witskrif op Veiligheid en Sekuriteit (1998) gaan vervang word deur 2 beleidsdokumente: Die Groenskrif op Polisiëring (sien hieronder) en die Groenskrif op Veiligheid en Sekuriteit.

Die Groenskrif op Polisiëring is op 18 Junie 2013 deur die Burgerlike Polisie sekretariaat vir openbare kommentaar gepubliseer.⁵⁷ As agtergrond word 'n oorsig van die impak van misdaad op Suid-Afrika as ontwikkelingsstaat en die veranderinge in polisiëring sedert 1994 gegee. Polisiëring in Suid-Afrika word bespreek met verwysing na

- die rol van die polisie;
- effektiewe polisiëring;
- 'n enkele polisdienst;
- transformasie;
- die polisie as 'n diens;
- gemeenskaps-georiënteerde polisiëring;
- misdaadvoorkoming;
- misdaadinligtingsbestuur;
- sigbare polisiëring;
- skarebeheer;
- landelike veiligheid;
- misdaadintelligensie;

⁵⁷ Algemene kennisgewing 616 in SK 36570 van 2013-06-18.

- misdaadondersoeke;
- forensiese werksaamhede;
- basiese dienslewering;
- effektiewe plaaslike polisiëring;
- gemeenskapspolisiëringsforums; en
- 'n gefokusde prioriteitsmisdaadbenadering.

Die professionalisering van die SAPD word sentraal gestel met verwysing na die struktuur van die SAPD; indiensneming; opleiding; bevordering; prestasie-maatreëls; interne en eksterne korrupsie; nuwe tegnologie; beheer, bestuur en kommunikasie; kwaliteitsversekering en nakoming, en die inspektoraat.

Op nasionale vlak bestaan die institusionele raamwerk uit die Minister van Polisie, die SAPD, die Burgerlike Polisie sekretariaat, die Onafhanklike Polisie Onderzoekdirektoraat (OPOD) en die Privaat Sekuriteitsindustrie Reguleringsowerheid (PSRO).

Ten aansien van provinsies word die rol van die provinsiale regering bespreek, asook die van MINMEC as implementeringsforum, provinsiale veiligheid en sekuriteit, die rol van plaaslike regering en die lewering van misdaadvoorkoming op plaaslike vlak. Die Groenskrif maak dit duidelik dat daar tot op datum geen poging aangewend is om die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie diens 68 van 1995 aan te pas by die bepalinge van die 1996 Grondwet nie.

Die Khayelitsha Kommissie van Onderzoek is op 22 Augustus 2012 deur die Premier van die Wes-Kaap, Helen Zille, in terme van artikel 206(5) (en 127(2)(e)) van die Grondwet aangestel om beweringe van Polisie ondoeltreffendheid en 'n verbodskelting in verhoudings tussen die gemeenskap en die Polisie in Khayelitsha te ondersoek. Die Kommissie bestaan uit Regter O'Regan en Advokaat Pikoli, en moet ondersoek instel en aanbevelings maak. Die Wes-Kaapse Provinsiale Kommissiewet 10 van 1998 is van toepassing gemaak op die Kommissie, en Regulasies is deur die Premier uitgevaardig.⁵⁸ Die Kommissie is aangestel na aanleiding van 'n klag wat deur die *Social Justice Coalition, Treatment Action Campaign, Equal Education, Free Gender, Triangle Project* en *Ndifuna Ukwazi* in terme van artikel 206(5)(1) van die Grondwet en artikel 66(2)(a) van die Grondwet van die Wes-Kaap aanhangig gemaak is.⁵⁹ Die Minister van Polisie en Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie diens het 'n saak in die Hooggeregshof in Kaapstad teen die Premier van die Wes-Kaap aanhangig gemaak. Uitspraak is op 14 Januarie 2013 deur Regter Yekiso gelewer.⁶⁰ Die applikante het die Hof genader vir tussentydse interdikte teen Regter O'Regan

⁵⁸Proklamasie 9 in *Wes-Kaapse Provinsiale Koerant* 7026 (2012-08-24) (http://www.khayelitsha.commission.org.za/images/documents/final%20proclamation%20prov2012_7026-prov-gaz-24-aug.pdf, <http://www.westerncape.gov.za/text/2012/8/Terms%20of%20Reference.pdf>).

⁵⁹<http://www.khayelitshacommission.org.za/images/documents/COMPLAINT%20Womens%20Legal%20Centre.pdf>.

⁶⁰*Minister of Police v Premier of the Western Cape*, saaknr 21600/12 (Wes-Kaap Hooggeregshof).

NO, Adv Pikoli NO, die Sekretaris van die Kommissie en Adv Sidaki wat hulle weerhou het om effek te gee aan dagvaardings wat op sekere polisiebeamptes beteken is, om die Kommissie se werk voor te sit, en om verdere dagvaardings uit te reik. Die finale bedes het te make met 'n bevel vir die hersiening en tersydestelling van Proklamasie 9 van 2012, die hersiening en tersydestelling van die Premier se besluit om die Kommissie aan te stel (met onredelikheid en teenstrydig met die Grondwet as gronde), die tersydestelling van die Premier se besluit (met onregmatigheid en ongrondwetlikheid, asook die nie-voldoening aan die beginsels van samewerkende regering en inter-regering verhoudinge as gronde). Die Hof het die applikante se aansoek vir tussentydse hulp afgekeur. Op 16 April 2013 het die Minister van Polisie by die Konstitusionele Hof vir verlof om appèl teen die Hooggeregshof se bevel aansoek gedoen. Die saak is op 6 Augustus 2013 aangehoor maar nog geen uitspraak was beskikbaar by skrywe van die aantekening nie. Die Kommissie van Ondersoek het sy openbare verhore uitgestel tot die Konstitusionele Hof 'n beslissing gemaak het, maar gaan intussen voort met sy werk.⁶¹

2.2 *Korrektiewe dienste*

Dit is algemeen bekend dat Suid-Afrikaanse gevangnisse oorbevolk is. 'n Groot persentasie van gevangenes bestaan uit verhoorafwagendes.⁶² 'n Taamlike groot persentasie van persone in die gevangenis is ook buitelanders, veral burgers van Zimbabwe en Mosambiek. Daar is tans 243 fasiliteite wat deur die Departement van Korrektiewe Dienste bestuur word en daar is 43 712 persone in hul diens. Dit kos ongeveer R9 000 per maand om 'n gevangene te voed en te versorg. Indien daar minder mense in gevangnisse is, kan kostes drasties besnoei word. 'n Groot aantal verhoorafwagendes is in die tronk omdat hul nie hul borgtog kan betaal nie. Dus, swak ekonomiese en sosiale omstandighede noodsaak dat heelwat persone in tronke moet bly terwyl hul eintlik tuis verhoorafwagend kon wees. Behalwe die kostes daaraan verbonde om soveel persone te huisves en te versorg, is die gevangenisstelsel nie vir sulke groot getalle gebou nie: daar is tans 119 000 beddens terwyl daar 140 000 gevangenes is. Die nuutste syfers⁶³ dui egter aan dat die bevolking in gevangnisse op 156 370 mense staan.⁶⁴

Een voorstel om die probleem van oorvol gevangnisse aan te spreek, is om waar moontlik, op grootskaal van elektroniese toestelle gebruik te maak. Gevangenes wat nie gevaarlik is nie en wat nie menseleuens bedreig nie, kan op

⁶¹<http://www.khayelitshacommission.org.za/media-press/press-statements/107-press-statement16-april-2013.html>.

⁶²Cruywagen 'Awaiting trial inmates filling up SA prisons – Ndebele' aanlyn beskikbaar by: <http://www.sanews.gov.za/south-africa/awaiting/trial-inmates-filling-sa-prisons-ndebele> (2013-05-29).

⁶³20 Augustus 2013.

⁶⁴SAPA 'Prison population at 156 000' <http://www.news24.com/SouthAfrica/News/Prison-population-at-156-000> (2013-08-27).

hierdie manier buite gevangenis funksioneer.⁶⁵ Koste word dan van R9 000 per maand tot ongeveer R3 379 verminder. Behalwe die kostes wat verminder, word persone ook uit gevaarlike omgewings verwyder en kan hul tuis of in ander plekke funksioneer. Sulke persone word ook nie verder aan intimiderende, ondermynende en afbrekende gedrag in die gevangenis blootgestel nie. Die prosesse onderliggend aan strafproses moet verder ook aangepas word. Daar is tans persone in Suid-Afrikaanse gevangenis wat reeds jare lank verhoorafwagting is. Dit is noodsaaklik dat gevangenes vinniger geprosesseer word en dat die hele sisteem meer spoedeisend, maar steeds doeltreffend, gemaak moet word. Ironies genoeg, nadat daar groot klem op oorvol Suid-Afrikaanse gevangenis geplaas word en die noodsaaklikheid om minder mense in gevangenis aan te hou, word daar uit Suid-Afrikaanse gelede versoek dat burgers wat oorsee hul gevangenisstraf uitdien, na Suid-Afrika gebring moet word.⁶⁶

Volgens die Departement van Korrektiewe Dienste se Jaarlikse Prestasieplan 2012/13,⁶⁷ sluit Program 1 Administrasie, se doelstellings vir die 2012/2013 boekjaar die volgende in:

- 'n verlaagde vlak van gebreke ten opsigte van voorafbepaalde doelwitte;
- die monitering van herhaalmisdadigers ten opsigte van die sogenaamde trio-misdade; en
- 'n 5% verbetering in positiewe prestasiebeoordeling deur die publiek.

Ten opsigte van die teen-korrupsie strategie is die volgende mikpunte gestel: 'n 86% skuldigbevindingskoers en die aanbied van 24 teen-korrupsie bewusmakings- en bedrogvoorkomingswerkswinkels.

Met betrekking tot die bestuur van regsdinge, gaan die Departement poog om 'n 74% sukseskoers in alle regsdinge te behaal.⁶⁸

Program 2, Gevangesetting, het die volgende doelstellings:

- 'n afname in die persentasie gevangenes (2.2%) wat per jaar aangerand is tydens korrektiewe aanhouding en in aanhouding gedurende die uitstel van dinge;
- 'n 10% afname in insidente van bendegegeweld;
- 'n aanvaarde bendebeheerstruktuur;
- 100% korrektiewe sentrums met draaihekke;
- 'n goedgekeurde geïntegreerde sekuriteitstegnologiese strategie;

⁶⁵Sien ook Anon 'NICRO patents home grown technology to combat prison overcrowding' http://www.sagoodnews.co.za/crime/nicro_patents_homegrown_technology_to_combat_prison_overcrowding.html (2013-05-31); Anon 'Solution for remand prisoners' <http://www.news24.com/SouthAfrica/News/Solution-for-remand-prisoners> (2013-05-31).

⁶⁶Davis 'Let South African prisoners abroad serve time at home' *The Times* (2013-08-21) 13.

⁶⁷<http://www.dcs.gov.za/Publications/Annual%20Reports/DCS%20Annual%20Performance%20Plan%202012-13.pdf> (hierna Jaarlikse Prestasieplan).

⁶⁸*Id* 10-13.

- die ontwikkeling van funksionele elektroniese gevangene opspoorstelselspesifikasies;
- die gebruik van liggaamskanderingtoestelle by 50% van geïdentifiseerde sentrums;
- die skep van ekstra bedspasies;
- 'n verlaging in die persentasie oorbevolking (na 32%, in vergelyking met 43% in 2008/09); asook
- 'n toename in die persentasie geskikte misdadigers met werksgeleentheid.⁶⁹

Program 3, Rehabilitasie, se doelstellings sluit in: 100% van misdadigers met goedgekeurde parooldatums in die huidige finansiële jaar wat voor-vrylatingsprogramme voltooi; 30% van gevonnise misdadigers met korrektiewe vonnisplanne wat korrektiewe programme voltooi; 'n afname van 2% in ongeletterdheid; 'n totaal van 64% gevangenes wat betrokke is in ABET programme; 11 sentrums wat as voltydse skole by die Departement van Basiese Onderwys geregistreer is; en 'n 46% deelname in maatskaplike werkprogramme.⁷⁰

Program 4, Versorging, gaan poog om 45% van gevangenes te toets vir HIV; 51% van geskikte HIV positiewe gevangenes op antiretrovirale behandeling te plaas; 93% van gevangenes met 'n CD4 telling onder 350 met antiretrovirale middels te behandel; 75% van gevangenes wat gediagnoseer is met geestelike afwykings te behandel; en 9% van gevangenes met oordraagbare siektes, verhoogde bloeddruk en diabetes te behandel.⁷¹

Program 5, Sosiale reïntegrasie, het die volgende doelstellings: 'n toename in paroolsake waarin slagoffers voorstellings maak; 'n toename in die persentasie geskikte sake wat oorweeg word deur die Paroolraad; 'n afname in die persentasie sake wat oorweeg is deur die Paroolraad en verwys word na die Paroolhersieningsraad; 'n toename in deelname van oortreders en slagoffers in mediasieprogramme; 'n toename in die persentasie persone wat vrygelaat is op parool en wat nie oortree nie; asook die daarstelling van 'n funksionerende elektroniese moniteringsisteen vir persone wat op parool vrygelaat is en persone wat op voorwaarde vrygelaat is.⁷²

Die Regterlike Inspektoraat vir Korrektiewe Dienste se 2011/2012 Jaarverslag was die eerste jaarverslag wat saamgestel is onder die leiding van die nuut-aangestelde Regter Tshabalala, (in November 2011 aangestel).⁷³ Terwyl Regter Fagan op oorbevolking en Regter Van Zyl op sterfgevalle in korrektiewe sentrums gefokus het, het Regter Tshabalala onderneem om op die behandeling

⁶⁹Id 23-30.

⁷⁰Id 30-36.

⁷¹Id 37-39.

⁷²Id 40-43.

⁷³<http://judicialinsp.dcs.gov.za/Annualreports/Annual%20Report%202011-2012.pdf> (hierna Jaarverslag 5).

van kinders, en die toestande waaronder hulle aangehou word, te fokus.⁷⁴ Sy visie is om residivisme onder kinders en jeugdiges te verminder; om die wyse waarop die Departement van Korrektiewe Dienste met die kwesbaarheid van kinders en jeugdiges handel, te beïnvloed; om tot die ontwikkeling van kinders en jong mense by te dra; en tot 'n veiliger omgewing in die breër samelewing.⁷⁵ Die Inspektoraat het 'n vennootskap met die *Civil Society Prison Reform Initiative* (CSPRI) gesluit om die Departement van Korrektiewe Dienste se voldoening aan wetgewing ten opsigte van kinders te monitor.⁷⁶ Ses temas is geïdentifiseer in hierdie verband, naamlik gevangesettingstoestande; die beskerming van mense-regte; die bestuur van korrektiewe sentrums; gesondheidsorg; rehabilitasie en herintegrasie; voor-verhoor aanhouding; en eerste opname van 'n kind of jeugdige.⁷⁷ Die Inspektoraat het 'n proses van herstrukturering ondergaan. Drie Direkorate, naamlik Ondersteuningsdienste, Regsdienste en Bestuurstreke, is saamgestel in plaas van slegs een.⁷⁸ Die Inspektoraat het ondersoek ingestel na die moontlikheid om heeltemal onafhanklik te word, en 'n aantal uitdagings is in hierdie verband geïdentifiseer.⁷⁹ Die nuwe Inspekterende Regter het tydens die 6 maande van sy ampstermyn 13 korrektiewe sentrums besoek.⁸⁰ Die Beleid en Navorsingseenheid is gestig om interne verslagdoeningsnakoming te bestuur deur 'n moniterings- en evalueringstelsel en verslagdoeningsstelsel binne die Inspektoraat te sentraliseer, en ondersteunende navorsingsdienste aan die Kantoor van die Inspekterende Regter te bied.⁸¹

Die Direkorate: Regsdienste is in Junie 2011 gestig met die doel om gereelde, gestandaardiseerde inspeksies en deeglike ondersoeke te verseker, om klagtes te hanteer en om voorleggings ten opsigte van die Departement van Korrektiewe Dienste se verpligte statutêre verslae te monitor.⁸² Tydens die boekjaar is 72 inspeksies dwars oor die land gehou – net minder as 'n derde van alle korrektiewe sentrums is geïnspekteer.⁸³ 'n Totaal van 599 klagtes is ondersoek.⁸⁴ 50 verslae oor die gebruik van geweld is ontvang. 47 sterftes as gevolg van onnatuurlike oorsake (meestal selfmoord) en 799 natuurlike sterftes is aangemeld.⁸⁵ Op 31 Maart 2012 was daar 236 aktiewe korrektiewe sentrums

⁷⁴ *Id* 6.

⁷⁵ *Id* 71.

⁷⁶ *Id* 72.

⁷⁷ *Id* 73-74.

⁷⁸ *Id* 11-12.

⁷⁹ *Id* 14.

⁸⁰ *Id* 15.

⁸¹ *Id* 16.

⁸² *Id* 22.

⁸³ *Ibid*.

⁸⁴ *Ibid*.

⁸⁵ *Id* 23, 51.

wat 158 165 gevangenes gehuisves het.⁸⁶ 32% van alle gevangenes was jonger as 25 jaar.⁸⁷ Daar was 592 kinders in aanhouding, waarvan 33% nog nie gevonniss was nie.⁸⁸ 25% van gevonnissde gevangenes was geklassifiseer as 'maksimum' sekuriteitgevangenes.⁸⁹ 30.06% van gevangenes was óf nog nie skuldig bevind nie, óf nog nie gevonniss nie. Ongeveer 5% van ongevonnissde gevangenes was op 31 Maart 2012 reeds langer as 2 jaar in aanhouding.⁹⁰ Gauteng het die hoogste bevolkingskoers (162%, laer as die 173% in die vorige jaar). Die land as geheel se korrektiewe sentrums het 'n bevolkingskoers van 133%. Alle administratiewe areas buiten Limpopo, Mpumalanga en Noordwes het 'n verlaging in koers getoon.⁹¹

Die Inspeksie-eenheid is in September 2011 gestig, en doen inspeksies by korrektiewe sentrums. Probleme wat deur die eenheid opgetel is, sluit in: 'n tekort aan personeel (spesifiek ook mediese personeel); algemene onderhoud; afsonderings wat nie gerapporteer is nie; persone met geestesiektes wat in kommunale selle aangehou word; kombuisonderhoud; en 'n tekort aan onderwysers.⁹² 'n Tekort aan personeel by die Krugersdorp Korrektiewe Sentrum het bygedra tot 'n insident waar drie jeugdige gesterf het toe hulle die sel waarin hulle aangehou was, aan die brand gestee het.⁹³

Die Direkoraat: Regsdienste was vanaf 15 September 2011 operasioneel.⁹⁴ Die meeste klagtes wat ontvang is, het oor verplasings gehandel.⁹⁵ 'n Totaal van 8 585 gevalle van afsondering is aangemeld – 'n toename van 8 155 in die vorige boekjaar.⁹⁶ Sedert November 2011 het alle nuut-aangestelde Onafhanklike Korrektiewe Sentrumbesoekers 'n kursus in die para-reg gedoen.⁹⁷ Die aantal Besoekerskomitees is van 28 tot 50 vanaf 1 April 2012 vermeerder om gemeenskapsbetrokkenheid te verbeter en om meer effektief met belangegroepes te skakel.⁹⁸

Volgens 'n voorlegging deur die Departement van Korrektiewe Dienste (DKD) op 21 Augustus 2013 aan die portefeuljekomitee op Korrektiewe Dienste was daar 'n geringe onderspandering by die 5 hoofprogramme – administrasie, gevangenissetting, rehabilitasie, versorging en sosiale integrasie op die begrote bedrag vir die

⁸⁶ *Id* 24.

⁸⁷ *Id* 25.

⁸⁸ *Id* 26.

⁸⁹ *Ibid.*

⁹⁰ *Id* 27.

⁹¹ *Id* 29.

⁹² *Id* 33-34.

⁹³ *Id* 35.

⁹⁴ *Id* 36.

⁹⁵ *Id* 38.

⁹⁶ *Id* 55.

⁹⁷ *Id* 65.

⁹⁸ *Id* 68.

eerste kwartaal van die finansiële jaar 2013/2014.⁹⁹ By dieselfde vergadering het die Regterlike Inspektoraat vir Korrektiewe Dienste (RIKD) ook 'n voorlegging gemaak en aangedui dat daar nog steeds probleme met skakeling en die implementering deur DKD van RIKD-aanbevelings is. Daar is ook beperkte akkommodasie en inligtingtegnologie ondersteuning vir RIKD-werksaamhede. Die RIKD beskik nie oor 'n eie begroting nie en kan dus nie as ten volle onafhanklik beskou word nie. Toegang deur die RIKD is ook as 'n probleem aangedui.

Op 19 Junie 2013 het die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) 'n voorlegging aan die portefeuljekomitee gemaak, en 'n oorsig van die internasionale verpligtinge insake marteling, asook die voorkoming en rapportering daarvan gegee.¹⁰⁰ Daar is ook na die Suid-Afrikaanse Wet op die Voorkoming en Bekamping van Marteling van Persone 13 van 2013 (*Prevention and Combating of Torture of Persons Act 13 of 2013* – sien hieronder) verwys en dat Suid-Afrika in Mei 2013 besluit het om die *Optional Protocol to the Convention against Torture (OPCAT)* te ratifiseer. Kragtens artikel 184 van die Grondwet moet die SAMRK die nakoming van menseregte monitor en ondersoek asook toepaslike stappe neem waar daar skending plaasgevind het. Menseregte in hierdie konteks sluit ook die regte van gearresterdes, aangehoudenenes en beskuldigdes in.¹⁰¹ 13% van die 4 241 klagtes wat deur die SAMRK ontvang is, het handel oor beweerde aantastings van die artikel 35-regte. Die meeste klagtes was van Gauteng en die Vrystaat afkomstig. Die meerderheid van hierdie 518 klagtes is na die RIKD verwys. Die ondersoek na die opstande by die Groenpunt maksimum sekuriteitsentrum in Deneysville in die Vrystaat, het tot die bevinding gelei dat daar wel 'n aantasting van die artikel 35-regte was. Die SAMRK het 'n hooggeregshofaksie aanhangig gemaak teen die Minister van Binnelandse Sake omdat asielseoekers vir langer as die maksimum voorgeskrewe tyd in die Lindela Repatriasiesentrum aangehou word.

Artikel 9 van die Korrektiewe Aangeleenthede Wysigingswet 5 van 2011 het sover dit op artikel 49G van die Wet op Korrektiewe Dienste 111 van 1998 (maksimum tydperk waarvoor 'n voorafwagtende aangehou mag word) betrekking het op 1 Julie 2013 in werking getree.¹⁰² Artikel 9 het artikels 49A-F in die 1998 wet ingevoeg en handel oor die aanhouding van verhoorafwagtende swanger vroue, gestremde, bejaarde, geestelik-versteurde en terminaal siek persone of persone wat onder toesig van lede van die SAPD vrygelaat is hangende 'n ondersoek.

⁹⁹<http://www.pmg.org.za/report/20130821-department-correctional-services-update-use-consultants-relationship-judicial-inspectorate-1st-quarter-201314> (2013-09-24).

¹⁰⁰<http://www.docstoc.com/docs/159815719/INDUCTION-presentation-Research-Documentation-and-Policy-Analysis> (2013-09-24).

¹⁰¹Soos vervat in artikel 35 van die 1996 Grondwet.

¹⁰²Proklamasie 21 in SK 36621 van 2013-07-01.

2.3 Verdediging

Volgens die Departement van Verdediging se Jaarverslag 2011/12, het die Departement in die 2011/2012 boekjaar ondersteuning verleen aan die regering se buitelandse beleidsinisiatiewe, onder meer die patrolling deur Suid-Afrikaanse vlootvaartuie van die Mosambiekse Kanaal tydens teen-seerowery operasies.¹⁰³ Die Departement van Verdediging het met die implementering van sy menslike hulpbronstrategie voortgegaan.¹⁰⁴ Die Suid-Afrikaanse Maritieme Strategie is aanvaar. Daar is nie met die modernisering van die landwaartse sisteem vordering gemaak nie, aangesien die Verdedigingshersiening nog nie gefinaliseer was nie. Die reserwe-magte was met die transformasieproses besig.¹⁰⁵ Sewe weermag subeenhede is op die grense van Limpopo, Mpumalanga, KwaZulu-Natal en die Vrystaat as deel van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag se grensbeveiligingsmandaat ontplooi.¹⁰⁶ 11 213 jong Suid-Afrikaners is as deel van die Militêre Vaardigheidsontwikkelingsstelsel gewerf, en 1 680 Nasionale Jeugdienslede het in De Brug (Bloemfontein) en SAS Saldanha opleiding ontvang.¹⁰⁷ Oorgrensmisdad het as gevolg van die Weermag se grensbeveiligingsoperasies afgeneem. Prestasies in hierdie verband sluit die konfiskering van 8 wapens, die inhegtenisname van 16 850 onwettige buitelanders, die arrestasie van 368 persone vir 'n verskeidenheid van misdade, die terugvind van 60 gesteelde voertuie, asook die konfiskering van 9 068 kg dagga, 1 394 stuks vee, 453 kg koper, en smokkelhandelprodukte ter waarde van meer as R14m in.¹⁰⁸ Drie grootskaalse operasies is in die Demokratiese Republiek van die Kongo, Soedan en by die Mosambiekse kus uitgevoer. Vyf algemene militêre hulpverleningsoperasies is ook onderneem.¹⁰⁹ 'n Trilaterale ooreenkoms is met Mosambiek en Tanzanië gesluit om seerowery in SAOG waters te bekamp.¹¹⁰ Die ontplooiing van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag in die Kruger Nasionale Park om teenstroopaktiwiteite te ondersteun, het vrugte afgewerp – 11 stropers het gesterf, 22 stropers is gearresteer en 19 jaggewere is gekonfiskeer.¹¹¹

In die Departement van Verdediging se Jaarlikse Prestasieplan vir 2013/2014 word dit duidelik gemaak dat daar gepoog gaan word om die Verdedigingshersiening 2030, wat die hooftake en strukture wat benodig word om die

¹⁰³<http://www.dod.mil.za/documents/annualreports/AnnualReport1112n.pdf> (hierna Verdediging Jaarverslag iii).

¹⁰⁴*Id* iii.

¹⁰⁵*Id* iii-iv, 23.

¹⁰⁶*Id* v.

¹⁰⁷*Id* v, 24.

¹⁰⁸*Id* vii en 23.

¹⁰⁹*Id* vii, 24.

¹¹⁰*Id* vii.

¹¹¹*Id* 23.

verdedigingmandaat vir die volgende 20 jaar uiteensit, te finaliseer.¹¹² Die ministeriële strategiese prioriteite vir die 2013/14 jaar is:

- die versterking van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag se Landwaartse Verdedigingsbekwaamhede;
- maritieme veiligheid;
- werkskepping;
- versterking van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag se Vredesendingbekwaamhede;
- die nasionale jeugdiens;
- die heropbou van die reserwemagte;
- die herstrukturering en ondersteuning van die verdedigingsindustrie; asook
- die versterking van die Departement se openbare werke afdeling.¹¹³

Die volgende fokusareas is uiteengesit:

- militêre vaardigheidsontwikkelingsisteem;
- kort en mediumtermynbeplanning in lyn met die Verdedigingshersiening;
- transformasie binne die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag;
- die implementering van departementele griesprosedures;
- herkonfigurasie van magommerallokasie;
- die instandhouding en afdwinging van dissipline;
- departementele oudit;
- departementele beplanninginstrumente; en
- die bevegting van korrupsie en bedrog.¹¹⁴

Die volgende fokusareas is uiteengesit:

- militêre vaardigheidsontwikkelingsisteem;
- kort en mediumtermynbeplanning in lyn met die Verdedigingshersiening;
- transformasie binne die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag;
- die implementering van departementele griesprosedures;
- herkonfigurasie van magommerallokasie;
- die instandhouding en afdwinging van dissipline;
- departementele oudit;
- departementele beplanninginstrumente; en
- die bevegting van korrupsie en bedrog.¹¹⁴

Die totale finansiële toewysing vir die verdedigingsprogramme vir 2013/14 is R40 243 343 000, waarvan R13 853 840 000 aan landwaartse verdediging

¹¹² (<http://www.dod.mil.za/documents/app/2013/52183%20ARCHING%20AND%20SANDF.pdf> (hierna Jaarlikse Prestasieplan 2).

¹¹³ *Id* 8-9.

¹¹⁴ *Id* 10-11.

¹¹⁴ *Id* 10-11.

toegeken is.¹¹⁵ Die Departement beoog om verskeie wette te hersien.

Volgens die finansiële verslag van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) vir die tydperk 2012/2013,¹¹⁶ is 99.51% van die totale begroting van R37.89 biljoen gespandeer op die volgende 9 programme:

- 1 Administrasie;
- 2 Vergoeding;
- 3 Landgebaseerde verdediging;
- 4 Lugverdediging;
- 5 Maritieme verdediging;
- 6 Militêre gesondheidsondersteuning;
- 7 Verdedigingsintelligensie, en
- 8 Algemene ondersteuning.

Die volgende prioriteite is vir die tydperk 2013/2014 geïdentifiseer:

- 1 Uitbreiding en modernisering van die SANW landgebaseerde verdedigingsvermoëns;
- 2 Maritieme sekuriteit (met gepaardgaande integrasie in die SOAG Maritieme Veiligheidsstrategie en ondersteuning van die Mosambiekse Weermag ten aansien van die Mosambiekkanaal);
- 3 Werkskepping in die verdedigingsindustrie;
- 4 Uitbreiding van die SANW vredebewaringsvermoëns;
- 5 Finalisering en implementering van die Nasionale Jeugdiensbeleid;
- 6 Transformasie en herbemagtiging van die Reserwemag (tot ondersteuning van die konvensionele landgebaseerde vermoëns en vredesbewaringsinisiatiewe);
- 7 Herstrukturering en ondersteuning van die verdedigingsindustrie; en
- 8 Die uitbreiding van die DVMV se afdeling verdedigingswerke, en die toenemende oordrag van funksies vanaf die Departement Openbare Werke (DOW).

Hierdie prioriteite gaan geïmplementeer word deur aktiwiteite rondom die militêre kundighedsontwikkelingsstelsel; die bykans afgehandelde Verdedigingsoorsig; geslagtransformasie in die beheerstrukture van die SANW; die funksionering van grieweprosedures in die DVMV; die rekonfigurasie van SANW personeelnommers; die behoud en afdwinging van die SANW dissipline; die aanspreek van ouditbevindings; die koppeling van DVMV doelwitte aan die uitkomsgebaseerde benadering; en die bekamping van korrupsie en bedrog.

¹¹⁵Id 15.

¹¹⁶<http://www.pmg.org.za/audio/2013/06/19/pc-defence-defence-secretariat-preliminary-in-year-201213-expenditure-report> (2013-09-24).

Die afsonderlike Departement van Militêre Veterane (DMV) identifiseer in sy 2013/2014 Jaarlikse Prestasieplan¹¹⁷ 7 prioriteite, en stel as visie die volgende:

A dignified, unified, empowered and self-sufficient military veterans' community
en as missie

to facilitate delivery and co-ordinate all activities that recognise and entrench the restoration of dignity and appreciation of the contribution of Military Veterans to our freedom and Nation Building.

Op 22 Mei 2013 het die Departement van Verdediging en Militêre Veterane (DVMV) en die SANW sy Jaarlikse Prestasieplan vir die finansiële jaar 2013/2014 aan die Portefeuljekomitee vir Verdediging en Militêre Veterane voorgelê.¹¹⁸ Die Suid-Afrikaanse Militêre Veterane Assosiasie is in September 2013 met 'B-BBEE facilitator status' gestig.¹¹⁹

'n Oproep om lede vir die Verdedigingsmag Dienskommissie te nomineer is gepubliseer.¹²⁰

2.4 Intelligensiedienste

Die Algemene Intelligensie Wetgewing-Wysigingswet 11 van 2013 het op 29 Julie 2013 in werking getree. 'n Staatsveiligheidsagentskap word in die lewe geroep en vervang die Nasionale Intelligensie-agentskap.¹²¹ Die Staatveiligheids-agentskap bestaan uit *Electronic Communications Security (Pty) Ltd*, die Suid-Afrikaanse Nasionale Akademie van Intelligensie, die Nasionale Intelligensie-agentskap en die Suid-Afrikaanse Geheimeidiens.¹²²

'n Definisie van 'aangeleentheid van Staatsveiligheid' word ingevoeg en beteken

enige aangeleentheid wat ingevolge enige nasionale wetsbepaling geklassifiseer is en deur die Agentskap hanteer word, of betreffende die werksaamhede van die Agentskap of die verhouding tussen enige persoon en die Agentskap.¹²³

'Binnelandse intelligensie' se definisie word gewysig na

intelligensie oor enige interne bedreiging of potensiële bedreiging vir nasionale veiligheid.¹²⁴

¹¹⁷<http://www.pmg.org.za> (2013-09-24).

¹¹⁸<http://www.pmg.org.za/report/20130522-committee-report-department-defence-and-military-veterans-strategic-plan-2013> (2013-09-24).

¹¹⁹AK 908 in SK 36807 van 2013-09-06.

¹²⁰AK 641-642 in SK 36597 van 2013-06-24.

¹²¹Artikel 1(b) gelees met aa 8, 14-17.

¹²²Artikel 15 wysig a 3 van Wet op die Intelligensiedienste 65 van 2002; die Wet op *Electronic Communications Security (Pty) Ltd* 68 van 2002 word ook herroep – a 40.

¹²³Artikel 1(a).

¹²⁴Artikel 1(c).

‘Intelligensie’ word omskryf as

enige inligting verkry en verwerk deur ’n Intelligensiestruktuur met die doel om enige regeringsbesluit of bekendmakingsproses in te lig wat uitgevoer word om nasionale veiligheid te beskerm of te bevorder, ook (a) teenintelligensie; (b) misdaadintelligensie; (c) departementele intelligensie; (d) binnelandse intelligensie; (e) binnelandse militêre intelligensie; (f) buitelandse intelligensie; en (g) buitelandse militêre intelligensie.¹²⁵

‘Nasionale veiligheid’ is ook gedefinieer¹²⁶ en sluit onder meer in ‘die bedreiging van die gebruik van geweld of die gebruik van geweld’ en ‘ernstige geweld gerig op die omverwerping van die staatkundige orde van die Republiek.’ Artikel 1(n) voeg ’n definisie van ‘veiligheidsbevoegdheid’ in wat handel oor ’n persoon se vermoë om inligting geheim te hou. Verskeie van die wysigings handel dan ook oor klaringsondersoeke wat persone moet ondergaan wat by die intelligensiediens wil aansluit.

3 Wapens

Op 30 Julie 2013 is daar na afloop van ’n landwye veldtog duisende wapens vernietig. Tydens die veldtog is onwettige wapens voor die keurdatum in groot sentrums en stede versamel sodat die Polisie al die wapens kon vernietig.¹²⁷ In totaal is 36 750 onwettige wapens vernietig, met die spesifieke data soos volg: Gauteng: 1 661; Vrystaat: 578; Limpopo: 1 137; Mpumalanga: 5 600; Noord-Wes: 221; Noord-Kaap: 305; KwaZulu-Natal: 17 751 en Oos-Kaap: 1 500. In KwaZulu-Natal is bykomend ook 300 000 rondtes ammunisie vernietig. Gemeenskapsleiers en lede van plaaslike gemeenskappe het nou saam met die Polisie gewerk om die groot hoeveelheid wapens bymekaar te maak sodat dit vernietig kon word. ’n Nuwe ‘grensstrategie’ is saam met die veldtog om onwettige wapens te versamel en te vernietig, ontwikkel om veral strenger wapenkontrole by landsgrense daar te stel en af te dwing. Die sukses van hierdie soort ontwikkelings is ook nou gekoppel aan oor grens-samewerkingsooreenkomste met Suid-Afrikaanse buurlande Namibië, Botswana, Zambië, Mosambiek en Zimbabwe.

Op 24 Julie 2013 is die Wet op Gevaarlike Wapens 15 van 2013 in die *Staatskoerant* gepubliseer.¹²⁸ Verskeie oorwegings, onder meer die groot

¹²⁵ Artikel 1(g).

¹²⁶ Artikel 1(j).

¹²⁷ Sien in die algemeen Minister van Polisie ‘Police leadership commend both police and society following the destruction of over 30 000 illegal firearms’ http://www.saps.gov.za/_dynamicmodules/interSite/newsBuild.asp?myURL=351 (2013-08-30); Mncube ‘SAPS destroys more than 19 000 firearms’ <http://www.sanews.gov.za/south-africa/saps-destroys-more-19-000-firearms> (2013-07-31); Anon ‘Destruction of over 36 000 illegal arms makes for a safer South Africa’ *Sowetan* (2013-08-01) 6).

¹²⁸ *Staatskoerant* 36704 van 2013-07-24; sien ook Redakteur ‘New Weapons Act welcome, but too late for Marikana’ *The Times* (2013-07-26) 7.

lewensverlies by Marikana in Augustus 2012, het tot die wysiging aanleiding gegee. Die nuwe wet verbied die dra van gevaarlike wapens in die openbaar en by openbare byeenkomste. Gevaarlike wapens sluit enige voorwerp anders as 'n geweer wat onwettig gebruik kan word om dood of ernstige liggaamlike besering te veroorsaak, in¹²⁹ – dit sou byvoorbeeld spiese en knopkieries, bakstene, glasbottels en enige ander gevaarlike item wat gebruik kan word om geweld te pleeg, kon insluit. Die Wet is nie van toepassing op gevaarlike wapens wat vir wettige doeleindes gebruik word nie, byvoorbeeld wat tydens godsdiensstige, kulturele aktiwiteite, sport, ontspanning of vir vermaak gebruik word nie of die wettige versameling of uitstal van sodanige wapens.¹³⁰ Enige persoon wat in besit van 'n gevaarlike wapen is wat onder die omstandighede kan aanleiding gee tot 'n redelike vermoede dat dit vir 'n onwettige doel aangewend kan word, is skuldig aan 'n misdryf en kan tot 'n boete of 3 jaar gevangenisstraf gevonniss word.¹³¹ Die wet omskryf sekere faktore wat in ag geneem kan word om te bepaal of daar 'n redelike vermoede kan bestaan dat die wapen onwettig gebruik gaan word.¹³² Die faktore sluit onder meer die plek en tyd waar die persoon aangetref word, in, die optrede van die persoon, die manier waarop die wapen gedra of ten toon gestel word, of die besit van die wapen gevind was by dwelmhandel, georganiseerde misdaad, bende-aktiwiteit of enige ander misdaad of die rede wat die persoon self gee vir die dra van die wapen kan oorweeg word.

Die Wet wysig die Wet op die Regulering van Byeenkomste 205 van 1993 en bepaal dat geen persoon tydens 'n byeenkoms of optog enige windbuks, geweer, onskadelik gestelde wapen, replika van 'n geweer of enige pompaksie vuurwapen, of enige iets anders wat lyk soos 'n vuurwapen, mag dra nie.¹³³ Sodanige persoon kan ook met 'n boete of 3 jaar gevangenisstraf gestraf word.¹³⁴ Artikel 120 van die Wet op Beheer van Vuurwapens 60 van 2000 word dienooreenkomstig gewysig en subartikel (10A) word ingevoeg wat die faktore lys om te bepaal vir watter doeleindes 'n persoon die wapen sou dra of ten toon stel – die faktore kom ooreen met die hierbo gelys.

Die Minister van Polisie het benadruk dat die wysiging nie bedoel is om gewone mense op straat van hul reg om hulself te verdedig, te ontnem nie, maar dat dit spesifiek op byeenkomste en optogte gerig is. Vroue wat dus vir hul veiligheid pepersproei saamdra, kan voortgaan om dit te doen. Die impak van die wysiging is eerder daarin geleë dat die polisie nou die mag het om persone wat gevaarlike wapens, soos hierbo uiteengesit, in hul besit het, te arresteer. Sodoende kan geweld moontlik gekeer word voordat mense ernstig beseer of

¹²⁹Artikel 1.

¹³⁰Artikel 2.

¹³¹Artikel 3(1).

¹³²Artikel 3(2).

¹³³Artikel 8(4) gewysig deur a 5.

¹³⁴Artikel 12(1)(j) ingevoeg deur a 5(c).

sels gedood word. Dit is verder ook van belang dat die wysigings geen beletsel op optogte en die reg om te protesteer plaas nie. Protesoptogte kan steeds voortgaan, maar dan moet dit vreedsaam wees en in die afwesigheid van enige gevaarlike wapens.¹³⁵

'n Privaatwetsontwerp die *Defence Amendment Bill* (PMB8-2013) is by die parlement ingedien om die aankoop van wapens en toerusting wat nie vryelik in die openbare handel beskikbaar is nie¹³⁶ deur die verdedigingsmag te reguleer. Daar word voorgestel dat artikel 80 van die Nasionale Wet op Verdediging 42 van 2002 gewysig word sodat die Minister van Verdediging kwartaalliks verslae oor wapenaankope aan die Parlement moet voorlê waarin daar verwys word na die projek, die wapens wat aangekoop word, die periode van aankope, die aantal wapens wat aangekoop is en die bedrag wat gespandeer is. Die Minister moet ook so 'n verslag voorlê indien die Sekretaris vir Verdediging bewus raak dat die aankoop van wapens die begrote bedrag vir wapenaankope met 15% gaan oorskry of indien die aankope met ses maande vertraag kan word.¹³⁷

Alle professionele jagters, persone wat jagters uitrus en persone wat jagters oplei, moet geregistreer word.¹³⁸

4 Spesiale ondersoekenhede, tribunale en Nasionale Vervolgingsgesag

Kennis is gegee van die voorneme om 'n privaatswetsontwerp, die *Special Investigating Units and Special Tribunals Bill* (PMB5-2013) by die Nasionale Vergadering in te dien. Die beoogde wysigings het ten doel dat die Nasionale Vergadering moet toestem tot die aanwys van die hoof van die ondersoek-eenheid, om die tydperk wat 'n persoon kan dien as waarnemende hoof te beperk en om die toestemming van die Nasionale Vergadering te verkry alvorens 'n hoof van 'n ondersoek-eenheid verwyder kan word.¹³⁹ Daar word verder voorgestel dat spesiale ondersoekenhede op 'n sesmaandelikse basis aan die Nasionale Vergadering verslag doen oor die vordering van ondersoeke wat na die eenheid verwys is.¹⁴⁰

Daar is 'n verdere privaatswetsontwerp ingedien, naamlik die *Constitution Eighteenth Amendment Bill* (PMB6-2013) wat voorsiening maak vir openbare deelname in die nominasie van die Nasionale Direkteur van Openbare Vervol-

¹³⁵Vgl Redakteur *The Times* (2013-07-26) 7.

¹³⁶'Armaments procurement' – a 1.

¹³⁷Klousule 2.

¹³⁸Algemene kennisgewing 846 in SK 36744 van 2013-08-13 – uitgevaardig ingevolge die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur: Biodiversiteit 10 van 2004.

¹³⁹Klousule 1.

¹⁴⁰Klousule 2.

gings.¹⁴¹ Daar word verder voorgestel dat die Nasionale Vergadering 'n resoluëie kan aanvaar om die Direkteur te ontslaan op grond van wangedrag of onbevoegdheid.¹⁴² Daar word verder ook voorgestel dat die Nasionale Vervolgingsgesag verantwoordig moet doen aan die Nasionale Vergadering.¹⁴³

5 Terrorisme en verbod op marteling van mense

Die President het verskeie gewysigde lyste van identiteite wat deur die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies as terreur of moontlike terreurorganisasies of lede daarvan geïdentifiseer is, afgekondig kragtens artikel 25 van die Wet op die Beskerming van Konstitusionele Demokrasie teen Terroriste- en Verwante Aktiwiteite 33 van 2004.¹⁴⁴

Die *Prevention of Combating and Torture of Persons Act* 13 van 2013 is op 29 Julie 2013 in die *Staatskoerant* afgekondig.¹⁴⁵ Die wet gee gevolg van die *Convention against Torture and Other Cruel, Inhuman or Degrading Treatment or Punishment* (10 Desember 1984) wat op 10 Desember 1998 deur Suid-Afrika geratifiseer is. Die doel van die wet is onder meer om gevolg te gee aan die Konvensie, om die regte van mense te erken en te bevorder en om te verseker dat niemand aan marteling onderwerp word nie.¹⁴⁶ Marteling beteken enige opsetlike handeling deur 'n persoon in amptelike hoedanigheit wat 'n persoon pyn of leed (fisies of geestelik) aandoen ten einde (a) inligting of 'n erkenning uit hom of haar te kry, hom of haar te straf vir 'n daad wat hy of sy sou gepleeg het of om so 'n persoon te intimideer of te dwing om iets te doen of nie te doen nie; of (b) teen daardie persoon te diskrimineer.¹⁴⁷ Die enigste uitsluitingsgrond is as die pyn of leed wettig aangedoen is.¹⁴⁸ Enige persoon wat iemand martel, poog om sodanige persoon te martel of marteling aanstig, instel, beveel of iemand kry om 'n ander te martel, is aan 'n misdryf skuldig.¹⁴⁹ Enige persoon wat 'n amptenaar bystaan of wat saamsweer om iemand te martel is ook aan 'n misdryf skuldig.¹⁵⁰ Dit is nie 'n verweer om te sê dat 'n persoon die hoof van 'n staat, parlement, 'n verkose verteenwoordiger of staatsamptenaar was of dat die persoon onder 'n regsmandaat sodanige opdrag uitgevoer het nie. Dit kan ook nie as versagtende omstandighede dien nie.¹⁵¹ Daar is geen uitsonderings nie – nie

¹⁴¹Klousule 1(b).

¹⁴²Klousule 1(c).

¹⁴³Klousule 1(d).

¹⁴⁴Proklamasie 22-31 in SK 36689 van 2013-07-23.

¹⁴⁵*Staatskoerant* 36716 van 2013-07-29.

¹⁴⁶Artikel 2.

¹⁴⁷Artikel 3.

¹⁴⁸Artikel 3.

¹⁴⁹Artikel 4(1).

¹⁵⁰Artikel 4(2).

¹⁵¹Artikel 4(3).

oorlog, dreigende oorlog, interne politieke stabiliteit, nasionale veiligheid of noodtoestand kan die werking van hierdie wet ophef nie.¹⁵² Niemand mag vervolg word omdat hy of sy nie 'n opdrag uitgevoer het om iemand te martel nie.¹⁵³ Die wet skryf ook die faktore voor wat by vonnisoplegging oorweeg moet word¹⁵⁴ en het ekstra-territoriale werking.¹⁵⁵ Die wet sluit geen aanspreeklikheid uit nie.¹⁵⁶ Niemand mag uitgelewer word aan 'n ander staat as daar 'n redelike vermoede bestaan dat sodanige persoon aan marteling onderwerp mag word nie.¹⁵⁷ Daar word 'n plig op die staat geplaas om die publiek in te lig oor die verbod op marteling en die staat moet programme instel om inligting daarvoor te versprei en die publiek op te voed.¹⁵⁸ Die wet moet verwelkom word.

Willemien du Plessis (NWU Potchefstroom))
Juanita Pienaar (US)
Nic Olivier (UP)

¹⁵² Artikel 4(4).

¹⁵³ Artikel 4(5).

¹⁵⁴ Artikel 5.

¹⁵⁵ Artikel 6.

¹⁵⁶ Artikel 7.

¹⁵⁷ Artikel 8.

¹⁵⁸ Artikel 9.